e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

23 Augustus 2012
Jaargang 5 – Uitgawe 29

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Predikantevergadering 2012

...in die wind was die Here nie... in die aardbewing was die Here nie... in die vuur was die Here nie... na die vuur was daar 'n fluistering in die windstilte... **(1 Konings 19: 11-12)**

Besig, besig, besig. Daar is nie genoeg ure in die dag nie! Dis die meeste van ons se reaksie as ons reflekteer oor ons daaglikse roetine. Daar is in ons lewe al hoe minder tyd vir stilword, nadenke en gesprek met God.

Ek lees onlangs dat drie speke noodsaaklik is in die wiel van ons menslike bestaan: *prestasie, ekstase* en *enstase*. Al drie is nodig vir ons lewenswiel om gebalanseerd voort te rol.

In ons samelewing is ***prestasie*** belangrik. Jou identiteit word deur jou suksesse bepaal. Ons weet hoe belangrik dit is om die suksesleer te klim en bó uit te kom. Sonder sukses sien ons onsself as mislukkings. Die tweede speek **(*ekstase*)** het te doen met ons behoefte om ook te ontspan, saam met vriende te kuier, aan sport deel te neem, 'n mooi fliek te gaan kyk of 'n ordentlike boek te lees. Dis belangrik om die lekker dinge in die lewe te geniet. Die speek van die wiel wat egter die meeste afgeskeep word, is ***enstase*** of ***inkering***. Daar is nie tyd om te mors om by jouself te kuier en tot rus te kom nie. Om innerlik stil te word, gee immers geleentheid om stil te word saam met God, maar ons kom selde daarby uit.

Die vraag is of ons binne ons Hervormde eredienstradisie ook genoeg voorsiening maak vir enstase, tot inkeer kom? Ons het al moeite gedoen om verskeie persoonlikheidstipes, kommunikasievoorkeure en denksisteme in die Kerk se bediening te verdiskonteer. Liturgiese dienste, Kerssangdienste, kinderdienste en jeugdienste is die uitvloeisel van die besef dat een vorm nie alle doelwitte dien nie. Die Kerk het reeds besef dat die behoeftes van lidmate verander, soos duidelik gesien kan word in die nuwe Diensboek wat as riglyn vir die erediens gebruik word. Die noodsaaklikheid van enstase word egter afgeskeep.

In ons eredienste sit mense met verskillende spiritualiteitsvoorkeure. Daar is verskillende sisteme waarmee hierdie voorkeure beskryf word, en een daarvan is 'n vierdeling, naamlik die **rasionele** wat baie fokus op logiese denke, die **emosionele** wat weer fokus op gevoel, die **mistiese** wat fokus op stilte en na binne gerigtheid, en laastens die **handelingsvoorkeur** wat fokus op optrede en werksaamheid. Binne ons eredienstradisie word voorsiening gemaak vir logiese denke, ons is sensitief vir die emosionele, en daar is 'n element van 'n imperatief teenwoordig, om mense tot aksie te motiveer. Die mistieke binne die erediens sowel as in die erediens van die lewe klink vir ons na 'n vreemde idee. Ons het dit in ons kerklike verlede, iewers na Luther en Calvyn, verloor.

Baie van ons het al iewers gehoor van *Lectio Divina (Wandel in die Woord*), die nadenke oor die Woord van God. *Lectio divina* beteken *Goddelik lees*, en het ten doel om ons te help om na God se stem te luister. Hoe moet dit gebeur? Hoe maak ons dit deel van ons Hervormde eredienstradisie, en hoe leer ons onsself en ons lidmate om stilword deel van ons daaglikse bestaan te maak? Hoe rig ons hierdie stilword prakties in sodat ons lewenswiele gebalanseerd kan voortrol?

Die Predikantevergadering vir 2012 by Gemeente Swartkop op Woensdag 12 September gaan fokus op stilword in die erediens en die inkleding van ons liturgie om stilwees te fasiliteer. Ons dink saam en gesels saam oor stilword. Ons raak stil voor die wonder van God se oneindige liefde en deernis met elkeen van ons. Ons leer saam om na God se stem te luister.

Dr Sanrie de Beer, Philadelphia

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed aan **produksie@nhk.co.za**.

Mev Elsie Buys

- **Frik Pieterse**, afgetrede omroeper van Radio Pretoria, is op Vrydag 17 Augustus na 'n lang en ernstige siekbed oorlede. Hy was die vader van mev Retha van Wyk, vrou van ds CJ van Wyk van Gemeente Randburg. Ons innige meegevoel gaan aan Retha en hul familie.

- **Elsie Buys**, moeder van Tessa Oppermann van SENTIK, is die aand van Dinsdag 21 Augustus oorlede nadat sy veral die afgelope twee maande drasties agteruitgegaan het. Sy sou op 21 Oktober 95 jaar oud gewees het. Die roudiens sal Maandag 27 Augustus om 12:30 vanuit die Susan Strijdom-huis in Colbyn gehou word, en die diens sal gelei word deur dr Christo Pretorius van Gemeente Pretoria. Ons innige meelewing gaan aan Tessa en haar familie.

- **Ds Mariaan Beukes** van gemeentes Roossenekal en Stoffberg se e-posadres het onlangs verander. Dit was voorheen dsmariaan@gmail.com, en is nou **beukes.mariaan@gmail.com**.

- Die volgende **besluite** is geneem tydens die **Kommissie van die AKV se vergadering** op 3 Augustus:

  - **Ds Pierre Kotzé** se aansoek om mediese ongeskiktheid word goedgekeur met die behoud van ampsvoorreg. Hy sal deur sy gemeente (Piet Potgieter) versorg word totdat die aansoek afgehandel is, en dan aan die einde van September die tuig amptelik neerlê.
  - **Ds Andries Nel** se aansoek om vervroegde emeritaat word goedgekeur vanaf einde Junie 2012.
  - Die Kommissie neem kennis van **dr André Botma** en **mnre Frans Marais en Rudi Schoeman** se bedanking as lidmate en predikante van die NHKA en die feit dat hulle hulself daardeur uit die amp onthef het.
  - **Ds Deirdre van der Merwe** se aansoek om losmaking van haar standplaas te Gemeente Krugersdorp-Wes is goedgekeur met behoud van ampsvoorreg. Die datum van losmaking van haar pligte is 1 Augustus 2012.
  - Die **70ste Algemene Kerkvergadering** sal vanaf 22 tot 28 September 2013 plaasvind te Gemeente Wonderboom.
  - **Dr Christo van der Merwe** is aangewys as Sekunduslid vir dr Wim Dreyer in die Raad vir SENTIK.

Eerw Dupper en sy gade

- **Die Huis van oud-Voortrekkermanne** benodig die name en adresse van almal wat inwoners van Voortrekkertehuis was ten einde die **adreslys op te dateer**. Stuur asseblief jul eie name, telefoonnommers, adresse en e-posadresse asook dié van enige ander oud-Voortrekkerman wat jy ken aan Marié van Niekerk by **marie@nhk.co.za** of Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 322 8885 x254.

- Tydens **Gemeente Piet Retief** se eeufeesvierings die naweek van 16-19 Augustus is hierdie foto van eerw Dupper en sy gade geneem. Nagmaal op die outydse manier!

- **Borg kilometers en help ons bejaardes.** Mev Magda van Deventer (redakteur van die Algemene Diakensvergadering se bylaag in *Konteks*) en 'n stapmaat, Avrianne Maritz, stap in September 200 km van 'n pelgrimsroete, die Camino de Santiago in Spanje. Deur middel van borgskappe per kilometer gaan hulle geld insamel vir die **Aksiegroep vir Bejaardes (AGB) van die ADV**. Skakel asseblief die ADV se kantoor by 012 322 8885 x221, of stuur 'n e-posboodskap aan Sonet Esterhuizen by **diens@diakens.co.za** en laat u borgskap aanteken. Meer inligting is beskikbaar op die diakens se webwerf by **www.diakens.co.za**.

- **Bejaardes en gestremde persone in Pretoria:** Munisipale korting word toegestaan deur die *City of Tshwane*. Gaan na **www.diakens.co.za** en kyk regs by 'Warm brood' vir die aansoekvorm. Indien u probleme ondervind om toegang tot die aansoekvorm te verkry, kan u in verbinding tree met die sekretaris van die ADV, ds Gerhard Stoltz, by **gerhard@diakens.co.za**.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES: 'n Wenk vir bejaardesorg**
  Dis amper lente. Die bejaardes in jou omgewing se geute lê vol blare en stof. Help hulle asseblief om dit skoon te maak, want hulle behoort glad nie meer self op 'n leer te klim en dit te doen nie. Vir meer inligting oor bejaardesorg, gaan na **www.diakens.co.za**.

- Talle van ons Kerk se **emeriti** wil graag die **kerklike tydskrifte** (*Konteks* en *Die Hervormer*) en die *Almanak/Bybelse Dagboek* ontvang maar kan dit nie bekostig nie. Lesers wat bereid is om 'n **bydrae** te maak sodat die publikasies gratis aan emeriti voorsien kan word, kan hul bydrae inbetaal by die volgende bankrekening: Raad van Finansies, ABSA, tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005; verwysing SENTIK-EM.

- Die **kalender en kalendervoorblad vir 2013** is op Woensdag 22 Augustus aan gemeentes gestuur. Elke gemeente kan self besluit of en hoe hulle die kalender wil benut; hulle is dus welkom om hul gemeenteprogram daarop in te vul en die voltooide kalender met of sonder verfraaiing te druk en aan lidmate uit te deel.

- Die **11de preekskets**, deur **dr Wouter van Wyk**, is op Woensdag 22 Augustus aan predikante gestuur; dié preekskets handel oor 1 Petrus 3: 13-22, en kan gebruik word vir preke op Sondag 26 Augustus met die herdenking van Bartolomeusnag. **Lidmate** kan gaan na **www.nhk.co.za** (of **www.nhka.org**) → So werk ons → Toerusting → In Christus se voetspore vir agtergrondinligting en 'n paar vrae oor die betrokke teksgedeeltes wat gesprek in die gemeente kan stimuleer.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade** in ruil vir die gratis preek; **een** voorskoolse kind kan gehuisves word. Daar word voorsien vir **twee nagte**; indien u 'n ekstra nag wil oorbly en ekstra mense bring, moet u dit **vooraf** met Jan Bette by 073 790 3357 bespreek; die derde nag en ekstra mense is op u eie koste. Kontak Johanna by 072 116 3353 of **nhkdullstroom@yahoo.com**.

- **MRCC: 12de Algemene Kerkvergadering (Sinode)**
  Maandag 1 tot Donderdag 4 Oktober 2012
  Skogheim-konferensiesentrum, Port Shepstone, KZN
  Amptelike opening Dinsdag 2 Oktober
  Gelei deur ds Jan Mamabolo

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Sannieshof: Op uitnodiging**
  Geloof-in-aksie Motorfietsbediening van Gemeente Randburg
  Naweek van 1 en 2 September
  Ter ondersteuning van Sannieshof se basaar (sien bladsy 10)
  Sondag 2 September se erediens gelei deur ds CJ van Wyk van Randburg
  Navrae aan ds Paul Kern by 018 683 0051 of **hartelus@yahoo.com**

- **Optredes van leerders van Prinshofskool**
  en Transoranje-skool se gebaretaalkoor
  Sondag 9 September om 09:00: Gemeente Benoryn
  Navrae aan ds Marlize Gasson by 011 849 3266
  Sondag 16 September om 18:00: Gemeente Wonderboompoort
  Magtige Dreuning
  Navrae aan ds Carel-Johann de Bruin by 012 335 0040
  Sondag 28 Oktober om 08:00: Gemeente Midrand
  Navrae aan ds Paula Eksteen-Erasmus by 011 702 3046

- **Gemeente Bosmansrust: Sondag 23 September om 11:00**
  Dankfees en Nagmaal
  Viering van 125ste bestaansjaar van gemeente
  100-jaar-viering van kerkgebou
  Alle oudpredikante, vorige lidmate en ander belangstellendes welkom
  Ete na die diens
  Antwoord asseblief voor 31 Augustus
  Kontak Piet Marx by 082 708 6761 of **pamarx@lantic.net**

- **Gemeente Swartkop: Sondag 28 Oktober: Nagmaaldiens**
  Herdenking van 40-jarige bestaan
  Gelei deur ds David Barnard, lank predikant in die gemeente
  Oudpredikante sal die tafels bedien
  Navrae aan Hannelie Beytell by 012 654 3471 of **nhswkop@telkomsa.net**

- **Gemeente Glencoe: Vrydag 7 Desember: Tyd later bekend**
  Buitediens op walle van die Wasbankrivier, distrik Glencoe,
  waar die Gelofte die eerste keer afgelê is
  Kliplegging na die diens
  Almal welkom
  Bring 'n klip van jou omgewing saam met die naam van jou gemeente
  Kontak ds Pieter Bester by 082 899 6564 / 034 212 1815
  pieterbester@telkomsa.net

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 31 Augustus, en word hartlik geluk gewens.**
  - Vrydag 24 Augustus: Prof Piet van der Merwe (emeritus)
  - Saterdag 25 Augustus: Ds Johannes Barnard (beroepafwagtend)
  - Sondag 26 Augustus: Di Chris le Roux (Stellenbosch/Worcester) en Joseph Steÿn (verdere studie)
  - Maandag 27 Augustus: Prof Johan Koekemoer (emeritus)
  - Dinsdag 28 Augustus: Ds Gert van Staden (emeritus)
  - Woensdag 29 Augustus: Di Wynand Rademeyer (Vivo) en Jan van Immerzeel (emeritus)
  - Vrydag 31 Augustus: Ds Koos Naudé (emeritus)

Beplande vergaderings

- Vrydag 24 Augustus: Raad van Finansies
  Finkom van die Ondersteuningsraad
- Maandag 27 Augustus: Moderamen (buitengewone vergadering)
- Woensdag 29 Augustus: Werkwinkel van die Ondersteuningsraad
  Predikantepensioenfonds
  Personeelpensioenfonds
- Donderdag 30 Augustus: Ons Tuis
- Woensdag 12 September: Predikantevergadering (Swartkop)

Kursusse en toerusting

- **Gemeente Rooihuiskraal: Saterdag 25 Augustus 08:00 tot 13:00**
  Bybelse perspektief op die huwelik en seksuele oriëntasie
  Toegang gratis
  Kom wandel saam in die Woord van God
  Vind uit of ons vandag kan sê ons huwelik is Bybels
  Ondersoek saam die sewe tekste in die Bybel wat handel oor homoseksualiteit
  Wat staan daar, wat sê dit en wat kan ons daaroor sê?
  Spreker: Prof Ernest van Eck
  Kerkgebou, hv Santie- en Konstantynstraat, The Reeds
  Navrae aan Karen van Loggerenberg by 012 675 1281 of **www.nhkrhk.co.cc**

- **Gemeente Philadelphia: Vrydag 31 Augustus om 09:30**
  Hervormde Tafelgesprek
  Tema: *Die betekenis van die opstanding vir die prediking*
  Prof Theuns Dreyer sal inleidende stellings voorsien wat bespreek sal word
  Tafelgesprek is oop vir almal
  Bevestig u teenwoordigheid by prof Lourens Steenkamp (082 874 5213)
  of ds Etienne Fourie by **egf@global.co.za**

- **Gemeente Glencoe: Toerustingskursus: Saterdag 20 Oktober**
  Op reis – 'n dienswerkreistas
  Deur ds Hannes Janse van Rensburg van Zuurfontein
  Registrasie 08:00, kursus begin om 09:00
  Koste R60
  Kontak ds Pieter Bester by 082 899 6564 / 034 212 1815
  pieterbester@telkomsa.net

- **Gemeente Pretoria: Woensdag 31 Oktober vanaf 09:00**
  39ste Kongres van die Kerkhistoriese Genootskap
  Tema: *Die Godsbegrip – Reformatoriese perspektiewe*
  Opening deur prof SJ Botha
  Prof IWC van Wyk (AIM): *'Die eerste gebod en die God van die eerste gebod' met verwysing na Philipp Melanchthon en Zacharias Ursinus*
  Prof CFC Coetzee (Noordwes-Universiteit): *Die Godsbegrip soos dit deur die Heidelbergse Kategismus begrond en bely word*
  Ledevergadering 11:30-12:00
  Afsluiting 12:00
  Uitstalling van gedenkpennings en historiese munte
  Navrae aan dr JMG Storm (083 308 1030 / **nhmeyerspark@lantic.net**)
  of dr Christo Pretorius (083 651 9634 / **praetorc@telkomsa.net**)

Beskikbare behuising

- **Ons Tuis (Riviera)**
  Tehuis vir versorging van verswakte bejaardes het tans plek beskikbaar
  Volledige versorgingsfasiliteit wat insluit:
  - 24-uur mediese versorging
  - 3 maaltye per dag
  - Sekuriteit
  - Gereelde sosiale aktiwiteite

  Vir meer besonderhede, skakel matrone E Mans by 012 329 3623
  Aansoekvorms kan afgetrek word van **www.otmt.org**
  of kontak H Fourie by 012 325 1857 om aansoekvorms te stuur

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis (Parys)**
  Behuising vir seniorburgers
  Daar is tans die volgende behuising beskikbaar:
  MET VERSORGING
  1 dubbelkamer (verkieslik 'n egpaar) – 24-uur-versorging
  Koste per persoon R5 500 per maand
  (sluit in 3 etes per dag, wasgoed en kamer skoonmaak), opnamefooi R3 000
  SELFVERSORGING
  - A-gang: 1 enkelkamer, R3 050 per maand
    (ingesluit 3 etes, wasgoed en kamer skoonmaak 1 x per week)
  - B-gang: 1 dubbelkamer (egpaar) – R3 050 per persoon
    (ingesluit 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week)
  - H-gang: 1 ruim kamer met eie badkamer, stoepie en tuintjie
    (ingesluit middagete) – R3 000 per maand

  Eenmalige opnamefooi van R3 000
  Ondersteunende dienste beskikbaar
  Kontak matrone Alet Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

Konserte en feeste

- **Vrydagaand 24 Augustus: Gemeente Bronkhorstspruit**
  Sorina "die Flooze"
  In kerksaal 18:30 vir 19:00
  R100 per persoon, R50 vir laerskoolkinders
  Navrae aan Alta Bester by 082 936 5289

- **Sondag 26 Augustus om 15:00: Gemeente Vereeniging**
  Tienie van Wyk Koorfees
  Met Albertonse Mannekoor, AKApêlle en Christina van der Bijl
  R40 per persoon
  Navrae aan 016 422 0172 of **pbboshoff@telkomsa.net**

- **Vrydag 31 Augustus: Gemeente Rustenburg-Suid: Konkakonsert Bok van Blerk (On)Bpk**
  Kockstraat 153, op gemeenteterrein
  R100 vir volwassenes, R40 vir laerskoolkinders
  Kuier rondom die konkavuur onder die sterre, en luister na sy stem
  Hekke stiptelik om 17:00 oop, ook kaartjies by hekke beskikbaar
  Bring net jou eie stoel
  Kaartjies beskikbaar by Pen en Ink (Square Spar),
  Rustenburg Factory Deli (hv Beyers Naude en Zendelingstraat)
  of skakel die Deli by 014 592 4716 of die kerkkantoor by 014 592 2364
  of Frikkie Krüger by 082 445 4336

- **30 Augustus tot 8 September: Gemeente Delmas**
  Jerusalem, Jerusalem!
  Interkerklike opvoering
  By NG gemeente Delmas-Wes
  Vir meer inligting, kontak Martin Rossouw by 082 410 1936

- **Saterdag 8 September: Gemeente Glencoe: Klavierkonsert**
  Rocco de Villiers
  18:00 vir 18:30
  Laerskool Glencoe
  Volwassenes: R100
  Kinders onder 12: R50
  Iets te ete en drinke sal aangebied word
  Kontak ds Pieter Bester by 082 899 6564 / 034 212 1815
  pieterbester@telkomsa.net

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 25 Augustus: Gemeente Sionspoort Randfontein EPR-fietswedren**
  120 of 58 km (pad) en 55 of 30 km (bergfiets)
  Spring weg en eindig by Tarlton-renbaan
  Laai 'n inskrywingsvorm af by **www.sionspoort.org**
  of skryf aanlyn in by **www.cyclelab.com**
  Kontak Johan van Staden by 082 464 1547

Kampe en toere

- **Toer op Bybelse voetspore...**
  Egipte, Israel en Jordanië
  4-18 Desember 2012
  Kontak ds Hannes van der Merwe by 082 575 1979
  of **hannes@pretoriaoos.com** vir meer inligting

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Brits: Boufondsversoek**
  Dra by tot die gemeente se boufonds
  SMS **KERK** na **48716** en dra R10 by
  Fondse word gebruik om die geboue te herstel
  Meer as een SMS is baie welkom
  Stuur asseblief ook aan ander!
  Navrae aan ds Kobus Celliers by 012 252 0158

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Vendusie**
  1 September stiptelik om 10:00
  In parkeerarea regoor Midas langs PicknPay-sentrum in die dorp
  Van 'n skoenriem tot 'n dooie soldaat word opgeveil
  Onder toesig van 'n afslaer van Lichtenburg
  Reël vooraf om eie items te bring @ fooi van 15%
  Navrae aan ds Lisa-Mari Swanepoel by 083 943 4561
  of Elize by 083 412 5802

- **Gemeente Hartebeeshoek: Saterdag 8 September**
  Jaarlikse Lenteloop
  By Fonteinedal, Pretoria
  Tema: *In sy voetspore*
  Stap/draf begin stiptelik om 07:00, inskrywings vanaf 06:00
  R20 vir 5 km, R40 vir 10 km, laerskoolkinders halfprys
  Oud en jonk, stootwaentjies en honde – almal welkom
  Te koop: vetkoeke, boereworsrolle, pannekoek, koffie, tee, cappuccino
  Kontak Inus Botes by 082 908 2889 of Andries Nieuwoudt by 073 313 1220

- **Gemeente Hartebeeshoek: Fotokompetisie**
  Tyd om kameras op te neem en te begin soek na *VOETE* en/of *SKOENE*
  Tema: *In sy voetspore*
  Reëls en voorwaardes geld
  Goeie pryse met professionele beoordeling
  Kontak Theresa Oosthuizen by **theresa@northernfoods.co.za**

- **Gemeente Leeudoringstad: Kompetisie om Doringfees bekend te stel**
  Pakkette beskikbaar, ook aan gemeentes
  R1 000: 20 boekies ter waarde van R10 000
  (gemeente kan dus R9 000 wins maak)
  R2 500: 50 boekies ter waarde van R25 000 (wins R22 500)
  R5 000: 100 boekies ter waarde van R50 000 (wins R45 000)
  Kaartjies slegs R50 elk – en 11de kaartjie in die boekie is gratis
  Trekking Saterdag 29 September om 12:45
  Kontak Berno Robinson by 082 395 9241

- **Gemeente Kampersrus: Vakansiekompetisie**
  Trekking: 27 Oktober 2012
  Wen naweek ter waarde van R28 000
  3 nagte verblyf vir 2 persone in 5-ster Kapama Lodge
  (alle etes asook wildritte ingesluit)
  Olifantritte, lugballonrit, spabehandelinge in hartjie van Bosveld
  Besoek aan Cheetah-projek in Hoedspruit
  R2 000 sakgeld
  Kaartjies R100 elk
  Navrae aan ds Marius Kramer by 083 310 6042
  of by gemeentelike kerkkantoor **kampersrus@nhk.co.za**

Basaars en markte

- **Saterdag 25 Augustus om 09:00: Gemeente Glencoe: Basaar**
  By Dundee Gedenksaal
  Tema: *Country & Western*
  Varsgebak, vleis, kos, pannekoek, poeding, groente, koeldrank, koektafel...
  Nuut tot antiek, naaldwerk, kinderpartytjie...
  Kontak ds Pieter Bester by 082 899 6564 / 034 212 1815
  pieterbester@telkomsa.net

- **Vrydag 31 Augustus: Gemeente Swartkop: Basaar**
  Tema: *Op die markplein*
  Van 14:00 tot laat
  Kom kuier gerus die dag saam met ons
  Daar is baie kos, gebak en speletjies
  Kontak Van Rooy van den Berg by 072 199 3900
  of die gemeentelike kantoor by 012 654 3471

- **Vrydag 31 Augustus en Saterdag 1 September: Gemeente Tzaneen Karnaval**
  Tema: *Koekeloer Wêreldtoer*
  Vrydag vanaf 11:00
  Kleurvolle kosstalletjies verteenwoordig verskillende lande
  Gaskunstenaar Pieter Kotzé
  Volksdanse
  Saterdag vanaf 08:00
  Lekker plaasontbyt, SAVF-trompoppies, Mej Lentefees / Lenteknapie
  Heerlike eetgoed, groente en vrugte, plante, handwerk, ens
  Navrae aan **nhkerktzn@mweb.co.za**
  of gemeentelike kerkkantoor by 015 307 4508

- **Saterdag 1 September: Gemeente Rustenburg-Suid**
  Willerste Noordwestefees
  Tema: *Willerste Fees onder die reënboog*
  Is daar 'n goudpot aan die einde van die reënboog?
  Is oom Paul Kruger se miljoene iewers in Rustenburg begrawe?
  Hope optredes, verskeidenheid produkte te koop, vermaak vir oud en jonk
  Wen 'n 1-ons Goue Krugermunt ter waarde van R15 000-R18 000,
  afhangende van die goudprys
  Kockstraat 153, op gemeenteterrein
  Net 300 kaartjies teen R100 elk
  Wees op 1 September om 12:00 by die reënboogstalletjie:
  In een van 300 kolwyntjies (*cupcakes*) gaan die muntstuk versteek wees
  Jy móét teenwoordig wees om die prys te ontvang!
  Skakel 014 592 2364 vir inligting en kaartjies

- **Saterdag 1 September: Gemeente Koster: Karnaval**
  Vanaf 08:00 by die skool
  Lekker baie, en baie lekker eetgoed, ontbyt, pannekoek, vetkoekburgers,
  Kerrie-en-rys, potjiekos, vars vleis, biltong, tuisgebak, basaarpoeding...
  Musiek, ballet, karate, kaskenades vir kinders, kameelritte,
  landloop, krieket en nog en nog!
  Verskeie interessante stalletjies, kom maak 'n draai
  Navrae aan Belinda Smith by **smith.belinda5@gmail.com** of 083 627 0584

- **Saterdag 1 September: Gemeente Mafeking: Flower Power Lentebasaar**
  Op die kerkterrein
  Wen pryse ter waarde van R10 000 – 'n bees/R4 000
  of 2 nagte midweek vir 4 persone in houthuis in wildreservaat by Bloemhofdam
  Om te kwalifiseer, maak donasie van R50 of veelvoude daarvan aan gemeente
  Prystrekking op 1 September om 15:00
  Navrae: Kallie Landsberg (079 893 9031) of Nelia Landsberg (083 665 6239)

- **Saterdag 1 September: Gemeente Ventersdorp: Basaar**
  Vanaf 09:00
  Kom geniet die plattelandse atmosfeer
  Baie vleis en eetgoed
  Navrae aan **nhkven@lantic.net**

- **Saterdag 1 September: Gemeente Sannieshof: *Hoezit-my-tjomma-fees!***
  Kom kuier saam met ons en die *Flooze*, Sorina
  Bring jou rooi baadjie vir die *Flooze-look-alike*-kompetisie
  en wen R6 000 se pryse
  Met Geloof-in-Aksie Motorfietsbediening van Gemeente Randburg
  Is jy bang vir niks? Wen R2 000 in die *FEAR FACTOR!*
  Is jou goed met ysters? *Kom strip jou moer* en wen 'n Inverter sweismasjien
  en 3 gereedskapstelle
  Van voor af verlief? Wen 'n prinsessnit, 0.7b kar diamant van R15 000
  Vang regte vis, skiet met aartappels en wen R1 000
  Moenie jou koelboks vergeet nie vir goedkoop kwaliteitvleis
  Toegang gratis
  Kontak ds Paul Kern by 082 494 5347

- **Saterdag 8 September: Gemeente Bothaville: Kaboemieliefees**
  Met DJ Ossewa en Adele Botes
  Op die kerkterrein (Careystraat 39)
  Heerlike kos: braaivleis, potjiekos, roosterkoeke, sosaties, ens
  Kom geniet 'n heerlike plaasontbyt met lewer en pap
  Verfbal en Kinderland vir wonderlike vermaak
  Groot pryse om te wen: 10 speenkalwers as 1ste prys (kaartjies R100)
  Uitstallers, vlooimarkstalletjies, ou karre en ou trekkers
  Navrae by kerkkantoor 056 515 2673 of **henniepretorius@lantic.net**

- **Vrydag 28 tot Sondag 30 September: Gemeente Zeerust**
  Bosrumoer
  By Doornrivier 4x4, Zeerust
  Kontak ds Barrie Oberholzer by 082 211 7926 of **bosrumoer@gmail.com**
  http://www.bosrumoer.co.za

- **Saterdag 29 September om 09:00: Gemeente Leeudoringstad Doringfees**
  Gaskunstenaar Sorina die Flooze
  Navrae aan gemeentelike kerkkantoor by 018 581 2055
  of **nhkleeutjies@nwet.co.za**

- **Saterdag 29 September: Gemeente Coligny: Wielefees**
  Beleef grootste ontbytrit nog in die Noordweste
  Veteraanmotors, nuwe motors, omgeboude karre en motorfietse
  Sommer langs hoofpad by Shell Ultra City uitgestal
  Stalletjies met heerlikste gebak, pannekoek, burgers, geroosterde toebroodjies, worsbroodjies en roerbraai
  Pret vir die jonk van hart, verfbal, skyfskiet, springkasteel
  Kom probeer die meganiese bul ry!
  Kontak Jan Haywood (motorinskrywings en uitstallings) by 084 514 7050
  of Jan Jordaan by 083 468 6700 vir algemene navrae en rigtingaanwysings

ANDER NUUS


Mnr Henry Wassermann

- **Henry Wassermann**, vir bykans 20 jaar betrokke by die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO) en voor dit hoof by twee van die Instituutskole, is op Vrydag 17 Augustus oorlede. Hy was werklik *Mnr Instituut* en het as TOIBO se finansiële adviseur opgetree. Die Instituut, skole en kinders met 'n gestremdheid was sy passie. Sy verassingsdiens het op Woensdag 22 Augustus uit die APK gemeente Pretoria-Oos plaasgevind. Ons innige meegevoel gaan aan sy naasbestaandes.

- **Die Ondersteuningsraad (OSR)** bied vanjaar weer vir minderbevoorregte tieners 'n kamp aan te Mooikrans Equus in Amersfoort, van Sondagoggend 30 September tot Vrydagmiddag 5 Oktober 2012. Die koste beloop **R850 per kind** wat die busvervoer, etes, aanbieding van die program, gebruik van toerusting, ensovoorts, insluit. Aangesien hulle nie vir hulself kan betaal nie, word fondse benodig om die kinders te borg. Persone wat 'n **kind wil borg of 'n donasie wil maak**, kan Suzanne van Deventer van die Pretoriakantoor kontak by 012 325 2320 of **oraad@telkomsa.net**. Die bankbesonderhede is soos volg:

  Die Ondersteuningsraad
  ABSA
  Tjekrekening
  Rekeningnommer: 000602795
  Takkode: 323 345
  Beskrywing: Kampfonds

- **Beeld-kinderfonds 2012**
  Kaartjies vir die kompetisie om fondse vir die versorging van kinders in te samel, kos **R25** elk, waarvan R12,50 aan elke deelnemende welsynsorganisasie terugbetaal word. Onder andere 'n Peugeot 107, 'n seereis op MSC Sinfonia, 'n vakansie by Go Wild Resorts asook R50 000 in kontantpryse kan gewen word. Kaartjies is beskikbaar by **die Ondersteuningsraad** se kantore asook by hul hoofkantoor en die Sinodale Kerkkantoor in Pretoria. Kontak Ansie Cromhout of Susan Moore by 012 322 8885.

- **BYBELGENOOTSKAP-PROJEKTE**
  - **Saterdag 25 Augustus: Straatkollektes**
    Port Elizabeth en Uitenhage
  - **Saterdag 1 September: Blomme-vir-die-Woord-fees en Lentetee**
    Bybelhuis, Durban
    R40 per persoon
    Kom kyk en/of neem deel

- **Vrydag 7 September: Sakeontbyt**
  Jeffreysbaai

Navrae oor bogenoemde aan biblia@biblesociety.co.za

- **Dinsdag 9 Oktober: Gholfdag**
  Gelyktydige begin 11:00 te Serengeti-gholfklub
  Betterball Stableford: R3 000 per 4-bal (sluit aandete in)
  Kontak Jenene Bernhardt by 011 552 7208
  of **jenene@serengeti.co.za**

- **INTERNASIONALE KINDER- EN JEUGKONFERENSIE**
  26-28 September
  Fakulteit Teologie, NWU, Potchefstroom
  Gerig op predikante, kategete, ouers en almal wat met kinders en die jeug werk
  Verskeie gesamentlike en parallelle sessies
  Wetenskaplike én meer populêre lesings
  Sprekers: prof Malan Nel; Craig Groome; Marius Storm; Petra Kollege; ongeveer 30 ander
  Konferensiegangers is vir eie huisvesting verantwoordelik
  Kry inligting oor gastehuise by
  http://www.potchefstroom.co.za/accommodation/acc_guest_houses.html
  Navrae aan dr Rudy Denton by 018 294 3509 of **rudy@nhk.co.za**

- **Beeld-kinderfonds Kerskonsert**
  Woensdag 28 November
  Moreletapark-gemeente
  Juanita du Plessis, Manie Jackson, Joe Niemand, Nadine en ander
  Bespreek by **iTickets.co.za** of per telefoon by 086 100 0291

- **ADVERTENSIES waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word.** Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:
Raad van Finansies
ABSA Bank
Tjekrekening nommer 020-000-287
Takkode 632-005
Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar **(uiters 100 woorde)** stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na **www.nhka.org** → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

Lidmate van gemeentes waar 'n kerkraad moontlik met meerderheidstem besluit het om kerklike eiendom te vervreem en andersins in stryd met die Kerkorde optree, se lidmaatskap van die Hervormde Kerk kan daardeur in die gedrang kom. Lidmate wat deel wil bly van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, word versoek om op een van die volgende maniere met die Kerk kontak te maak:

- **SMS jou naam, gemeente, kontaknommer en e-posadres na 074 406 6303 (slegs SMS'e, nie oproepe nie). Die Sinodale Kerkkantoor sal jou binne 7 dae kontak.**
- **Telefonies: Skakel mev Marié van Niekerk by 012 322 8885 x254.**

Stuur 'n e-pos na nhk@nhk.co.za.
Kontak jou gemeente se konsulent, of 'n ander predikant in die ring. Hul inligting is op die Kerk se webblad beskikbaar by www.nhka.org (onder So werk ons / Predikante).
Die Kerk sal hierdie inligting met groot sensitiwiteit hanteer.

AGTERBLAD

'n Nuwe lewenswyse



Die September 2012-uitgawe van *Die Hervomer* sal volgende week beskikbaar wees.

Soos wat gesinne moes aanpas by 'n televisiestel in elke huis, so sal gesinne vandag moet aanpas by slimfone, sosiale en ander elektroniese netwerke in elke huis. Dit sal nie help om hieroor soos volstruise ons koppe in die sand te steek nie. Dit sal ons ook niks help om betrokke te raak by eindelose debatte oor die onderwerp nie. Biljoene mense wêreldwyd gebruik hierdie netwerke vandag. Dit is meer as bloot 'n fenomeen, dit het 'n lewenswyse geword.

Lees ook oor James Lovelock en die Gaia-teorie. Kuier saam met een van ons voormalige predikante, dr Louis Bezuidenhout, in Skotland waar hy sedert einde 1999 predikant in die Church of Scotland is. Volg die voortgaande debat oor die gebeure in ons Kerk die afgelope twee jaar.

*** Individuele eksemplare van *Die Hervormer* is beskikbaar teen R10 elk (posgeld uitgesluit). Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 of **sentik@nhk.co.za**. Besoek die webwerf **www.hervormer.co.za** en kry 'n oorsig van wat in uitgawes sedert Januarie/Februarie 2008 verskyn het.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx